

Die wil van God.

Teks: Matteus 7: 13 - 23 en HK Sondag 49
Teksvers: Matteus 7:21

1. Inleiding

Geliefdes ons is vandag by die derde bede in ons kategismus behadedeling wat tans op die Onse Vader Gebed fokus. Hierdie is die laaste bede wat op God gefokus is, voor daar begin word met die bede wat op die mens gefokus. Daar is 'n duidelike verband tussen hierdie bede en die twee voorafgaande bede. Niemand kan die naam van God heilig as hy nie deur die wedergeboorte uit die ryk van die Satan oorgebring is in die koningryk van God nie. Op 'n manier is hierdie derde bede dan 'n opsomming van die vorige twee. Wanneer God as koning erken word, wil sy onderdane tog sy wil laat geskied.

As ons nader na antwoord 124 kyk sien ons dat die sonde afdeling in driedele uit eengesit word. Die drie dele is eerstens die aflê van my eie wil, Tweedens die opneem van God se wil en laastens die getrouheid in die amp. Die wil van God staan sentraal binne al hierdie drie afdelings.

Maar wat is die wil van God, en waarom is dit so belangrik dat dit hier in die derde bede genoem word? As ons na die skrifgedeelte kyk wat ons gelees het, sien ons dat die Here Jesus Christus self in sy bergpredikasie sê dat net mense wat die wil van Sy Vader doen, die Hemel sal binnegaan. Dit is dus duidelik dat die wil van God sentraal moet staan in die Christen se lewe. Kom ons kyk wat word bedoel met die wil van God soos wat dit in die drie komponente van die antwoord op vraag 124 van die kategismus uiteengesit word.

2. Die aflê van ons eie wil

Ons leef in 'n wêreld waarin mense maklik vir mekaar wil besluit. Ja alhoewel die 21ste eeu sterk fokus op individualisme en demokrasie, is daar nog baie mense wat hulle besluite net eenvoudig wil afdwing op ander mense. Daarom word verkiesings uitslae in onlangse tye gereeld bevestig, dikwels met goeie rede. Ons sien hierdie verskynsel ook dikwels

op sosiale media en in die dagblaai van ons tyd. Mense het sterk opinies, en kan dan gewoonlik nie verstaan hoekom ander mense so dom is om van hulle te verskil nie.

Maar waar kom hierdie wil van die mens vandaan? Waar kom mense dan aan hulle wil? Die rol en invloed van verskeie modegiere kan nie ontken word by die vorming van mense se wil nie. So sien ons selfs mense wat christelike argumente probeer maak terwyl hulle eintlike ongelowiges aanhaal in plaas van die woord van die Here.

Tog moet hierdie verskynsel nie vir ons so vreemd wees nie. In die teks wat ons lees in Matteus 7 waarsku Christus ons reeds tydens sy aardse bediening hieroor. Hy sê in vers 15: "Wees op julle hoede vir vals profete wat soos wolwe in skaap klere is". Christus het geweet dat die christendom nog baie sal groei. Hy het ook geweet daar sal mense hulleself as leiers in christenskap voordoen wat eintlik eerder hulle eie voordeel soek, as die eer van God. Mense wat hulle eie wil, wil laat geskied.

Wat die mens dikwels nie beseft nie, is dat God se wil nie ons wil is nie. In Jesaja 55:8 staan "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here;"

Wanneer die eerste mens Adam sondig kom daar 'n skeiding tussen God en mens. En die mens word van daar af in totale verdorwenheid gebore. Dit is ook duidelik uit die 3 bede. Omdat die woorde soos in die hemel net so op die aarde ook bygevoeg is. In die hemel by God geld sy wil volmaak, maar hier op aarde geld die wil van die mense gewoonlik. Daarom behels die derde bede ook dat ons bid dat ons as mense ons eie wil aflê.

3. Die opneem van die Vader se wil

Wanneer ons, ons eie wil afgelê het dan, is die proses nie maar klaar nie. Ons moenie as lê

neutrale mense deur dit lewe gaan nie. Ware neutraliteit is in elk geval onmoontlik. Ons moet die wil van God nastreef in alles wat ons doen. Maar wat presies is die wil van God?

God is ver bo ons verhewe, so ons kan nie argumenteer, debateer of selfs demokraties stem oor God se wil nie. Al hoe ons God se wil te wete kan kom, is as Hy dit openbaar. En in genade openbaar God sy wil aan ons in sy woord. Maar ons weet dat die Here soveel groter en meer is as wat die paar bladsye van die Bybel kan bevat

Dit het tot gevolg dat daar in die teologie die gedagte ontwikkel het dat daar gepraat word van die verborge en geopenbaarde wil van God. In kort word dit dan beskryf as volg. Ons glo dat niks buite God se wil kan plaasvind nie. God tree ook nie buite Sy wil op nie. Alles wat is en gebeur ontstaan uit God se wil. Dit staan bekend as die verborge wil van God. Die geopenbaarde wil van God tref ons aan in die geskrifte van die Bybel. Dit behels ook dat meer en deels, dit wat God ons beveel om te doen. Dit is ook belangrik om dit duidelik te maak dat God se verborge en geopenbaarde wil nooit in stryd met mekaar is nie. Met ander woorde daar is nie iets in die verborge wil van die Here wat teen die Bybel ingaan nie.

In die derde bede, bid ons juis vir hierdie geopenbaarde wil van God. Dat ons en die mense om ons dit sal navolg. Dit ook hierdie geopenbaarde wil van God waarna Jesus verwys in ons teksvers, vers 21.

4. Die uitleef van ampsgetrouheid

In ons gelese gedeelte waarsku Jesus die mense teen valse profete. Die manier waarop hulle uitgeken kan word, word ook deur Jesus aan die mense bekend gemaak. Hy gebruik die beeld van 'n boom en vrugte. Wanneer 'n mens vrugte van 'n boom pluk bestaan daar geen twyfel meer oor watter tipe boom dit is nie.

Nou kan daar maklik gesê word dat hierdie waarskuwing handel oor persone in besondere ampte. Soos wat ons in die kerk as predikant, ouderling en diaken het. Tog het ons ook in die kerk, 'n vierde amp waarvan ons so maklik vergeet word. Dit is die amp van die gelowige.

Dit is 'n amp waarin ons almal staan. Dit is 'n amp waarin ons elkeen ons roeping met ons spesifieke gawes moet uitleef. Maar duidelik kan die uitleef van hierdie roeping nooit in stryd met God se wil wees nie. Ons sien in vers 22 dat die verkeerde uitleef miskien die regte kleur kan hê. Ons lees van mense wat in die Naam van die Here gepreek het en bese geeste uitgedryf het. Maar ten einde laaste was hierdie mense nie besig met God se wil nie.

Wanneer ons God se wil laat geskied is ons soos die boom wat goeie vrugte dra. Dan weet ons ook as ons eendag sê Here, Here sal ons ook na die hemel gaan. Tog dra ons nie goeie vrugte bloot om gered te word nie. Ons dra goeie vrugte as bewys dat ons eintlik reeds gered is. Dit is tog duidelik dat die boom eers daar moet wees voor daar vrugte is.

Deur goeie vrugte te dra, leef ons Jakobus 2:18 uit: "wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade."

Daarom is die derde bede ook vir ons 'n bede vir ampsgetrouheid. En darem vergelyk antwoord 124 ook ons ampsgetrouheid met die van die engele.

5. Slot

Die wil van God is ver verhewe bo ons menslike verstand. Tog maak die Here dit in genade aan ons in sy woord bekend. Ons leef nog in die tyd voor die wederkoms en besef dat ons dikwels soos Paulus sê: die goeie wat ek wil dit doen ek nie. Die slegte wat ek nie wil dit doen ek. Daarom is die derde bede vir ons so belangrik. Hier vra ons God om Sy wil te laat geskied in ons lewens en die wêreld om ons.

In ons teksvers in Mattheus 7 vers 21 sien ons dat niemand in die hemel sal kom wat nie die wil van God doen nie. Hierdie teks kan maklik buite verband gebruik word om aan te toon dat ons moet werk vir ons verlossing. Tog dui die vers eintlik op die feit dat ons God se wil doen as 'n bewys dat ons reeds gered is. Die die uitvoering van God se wil is die goeie vrugte wat ons dra in dankbaarheid omdat ons reeds gered is.

Laastens het ons gesien dat ons bid dat God se geopenbaarde wil geskied. God se verborge wil geskied in elk geval ons kan niks daaraan doen nie. Die derde bede is nie 'n bede dat God moet regeer nie. Want God regeer al reeds oor alles en almal. Die derde bede is 'n bede dat ons God se wil sal gehoorsaam en nie opstandig ons eie wil sal laat geld nie.

Dit is 'n bede in die voorbeeld van ons Here Jesus Christus:

"Laat nogtans nie my wil nie maar U wil geskied!"

Amen